

17 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 5:1-11

Fokusgedeelte: Lukas 5:5

Vat God op sy woord, dit is die regte ding om te doen

In die eerste drie verse word geopenbaar dat Jesus die skare hier teenwoordig geleer het. Hy het die Woord aan hulle verkondig, die wil van die Vader aan hulle bekend gemaak. Intussen was die vissermanne, nadat hulle die vorige nag op die see was, besig om hulle nette skoon te maak. Hulle het dus voortgegaan met dit wat hulle goed geken het, naamlik die versorging van hulle toerusting in voorbereiding vir die volgende geleentheid om uit te gaan op die see om vis te vang. Dat hulle ervare vissermanne was, is duidelik uit die feit dat hulle reeds in die nag op die see was om vis te vang (vs. 5a). Dit was immers die beste tyd en manier om met nette vis te vang.

Maar nou gebeur in vers 4 en verder iets eienaardig – 'n skrynwerker (Jesus) sê vir die vissermanne (Petrus en sy kollegas) om helder oordag op die see uit te gaan om vis te vang, 'n opdrag wat vir 'n ervare visserman dadelik gebrek aan kennis en ervaring rakende die "visvangbedryf" openbaar. Petrus bevestig dit ook deur sy woorde dat hulle reeds die regte ding volgens die reëls van die "visvangbedryf" gedoen het, naamlik om die hele nag op see te wees. Hy voeg egter by dat hulle wel weer op die see sal uitgaan op grond van Jesus se woord (vs. 5b).

Dit wat hier die deurslag gee, is die opdrag van Christus en nie die reëls van die praktyk nie. Die werklikheid is eerder dat hier teen die reëls van die praktyk ingegaan word, maar dan wel in gehoorsaamheid aan die Meester. Die uitkoms was bo alle verwagting – 'n wonder deur God bewerk. Die openbaring hier? Vat God op sy Woord, dit is die regte ding om te doen, maak nie saak oor watter aspek van die lewe dit gaan nie. Handel in die geloof in gehoorsaamheid en nie op grond van ondervinding, praktyk of algemene oordeel nie. Die Skrynwerker is ook 'n volmaakte Visserman, vat Hom daarom op sy woord!

Sing: Psalm 25:2

Ds. HJP de Beer (Magol)